
# INSIG

Februarie 1994 R (BTW ingesluit)

# Pas op Nelson!



As die Beurs struikel en val

Gewone Regses wíl stem

Dáárom koek vroue om die politici

## KOMMENTAAR

6. Doen nou iets!

## 6 en 7. BRIEWE

## POLITIEKE RUBRIEKE

8. Buthelezi en die Beatles
**Willie Kühn**

As vredemakers begin moor
**Louis Oosthuysen**

## GELDSAKE

9. As die Beurs lóóp, struikel . . . en val!
**Lucas de Lange**

10. . . . En as die staat jou aan die keel beetkry
**Deon Basson**

## MEDIES

12. Die dood in die SA pot

13. Geurige plante-olies help kankerlyers

14. Só skep hulle nou 'pensioen-babas'!
**Petrovna Metelerkamp**

## APLA-TERREUR

15. 'n Bende moordenaars sonder 'n sending
**Z.B. du Toit**

## NASIONALISME

16. Gee die Boere wat hul vra!
**Klaus von der Ropp**

16. Afrikaner-politiek in nuwe gewaad
**Piet Muller**

## BUITELAND

18. Njet! Die Russe is nog op koers
**Simone Benade**

## VOORBLAD

20. ANC kan dalk nog sukkel om te wen
**H. de G. Laurie**

21. . . . Veral as regses tóg gaan stem
**Politieke redaksie**

## VROUE

22. Haar lyf is eeue lank al 'n slagveld
**Amanda du Preez**

23. Is dít waarom meisies so om politici koek?
**Tobie Boshoff**

## STERREKUNDE

26. By Jupiter, hier kom die moeder van alle botsings!
**Gideon Joubert**

## OORSIG oor die kunste

28. François het derms uitgeryg om wenners op verhoë te kry
**Gerrit Geertsema**

29. Suid-Afrikaners maak nou hul merk
**Kunsredakteur**

30. Wanneer die stormramme aantree . . .
**Paul Boekkooi**

32. Breyten se beelde bly by jou spook
**Johan van Rooyen**

34. 'n Onderwêreld wat hom bly insuig
**Paul Boekkooi**

34. Donker reuk van eeue se bloed
**Cas van Rensburg**

## BOEKE

Piet Cillié bespreek vandeesmaand ***Div looks back,*** die outobiografie van sy eertydse opponent, sir De Villiers Graaff. Hennie Aucamp se sestigste verjaardag word gevier met uittreksels uit sy ***Pluk die dag***, terwyl J.C. Kannemeyer Johann de Lange se nuwe bundel bespreek. En dan wonder Fanus Rautenbach of hy nie maar sy gansveer weer in die gans se stêre moet terugsteek nie.

35. Draaiboek-kroonprins wat die miljoene inryg
**Kerneels Breytenbach**

36. Vervreemding word vars hanteer
**Anton Arnold**

## 37. JY HET GEDINK JY KEN . . . Knysna-boswerkers

## VIR DIE FYNPROEWER

38. Noem die sopie tog by sy naam
**Neil Hutchinson**

Hul stook weer op Boplaas
**Loraine Fuller-Drury**

Dié druif gee ons probleme
**Andrew Marais**

## 40. OU & mooi dinge

## SKILDERS VAN ONS EEU: 10

42. ***Doringbome*** deur Graham Sutherland (1903-1980).
**Katinka Kempff**



**INSIG**

**Redakteur:**
W.J. Wepener

**Eindredakteur:**
Cas van Rensburg

**Kunsredakteur:**
Paul Boekkooi

**Diepte-artikels:**
Grietjie Odendaal
Petrovna Metelerkamp

**Politieke medewerkers:**
Willie Kühn en Louis Oosthuysen

**Redaksionele assistent:**
Rita Muller

**Sindikasie:**
June Botha en Judy Olivier (Londen)

**Hoofbestuurder:**
Freddie Steyn

**Bemarking:**
Hannes Halvorsen

**Advertensies:**
Moos van Rensburg

**Johannesburg:**
Media-Sentrum, Herbstraat 2, Nieu-Doornfontein 2028. Posadres: **Insig**, Posbus 53171, Troyeville 2139. Tel. no. (011) 402-6372. Faks no. 404-2034

**Eienaar en uitgewer:**
Insig: 'n Afdeling van Nasionale Media Beperk, Voorhoutstraat 31, Doornfontein. Reg. no. 05/38385/06.

**Intekengeld:**
Suid-Afrika en Namibië: R53 per jaar. Buiteland: Op navraag.

**Intekenare:**
Bertie van Wyk
Gratis posadres:
Nasionale Tydskrifte
Gratispos CT409
Kaapstad 8000

Tel. nr. 021-4062362
Faksnr. 021-406-2936
Tolvrynommer 0800222228
Praat met Anchen Theron


**Verspreiding:**
Nasionale Nuusdistribueerders, Herbstraat 2, Nieu-Doornfontein 2028. Tel. no. (011)402-1205

**Drukkers:**
KNL Printing (Edms.) Bpk., Isando


**©1993**
**Alle regte voorbehou**

# Gee die Boere wat hul vra!

**In 1939 het KLAUS VON DER ROPP (foto) die gevolge van "etniese suiwering" aan eie lyf gevoel toe sy gesin hul geboortestad Libau, Letland, waar sy voorgeslagte 740 jaar gewoon het, moes verlaat ná 'n ooreenkoms tussen Hitler en Stalin. Hulle is hervestig in Koningsbergen in Oos-Pruise, maar in 1945 toe 13 miljoen Duitsers uit Oos-Europa verdryf is, moes hulle te voet voor die Russe weswaarts vlug. Vandag glo hy dat daar net een manier is om Afrikane 'n soortgelyke lot te spaar.**



NÁ die ineenstorting van die Portugese koloniale bewind in Angola en Mosambiek en die totstandkoming van kommunisties-gesinde regerings in Luanda en Maputo het die Weste begin vrees dat die Sowjet-Unie en sy surrogate daarin sou slaag om beheer te kry oor Salisbury/Harare, Windhoek en uiteindelik Pretoria. Westerse regerings het, met goeie rede, geglo dat die Afrikaner-bewindhebbers, met hul sinlose kragdadigheid en hul onvermoë om werklikhede te aanvaar, regstreeks in die hande speel van Moskou, Oos-Berlyn en Havana, wat die hele Suider-Afrika onder kommunistiese beheer wou kry.

Leiers in die Jimmy Carter-regering, Wes-Duitsland se minister van buitelandse sake, mnr. Hans-Dietrich Genscher, en 'n aantal ander Westerse leiers het selfs met die gedagte gespeel om die hardkoppige klomp Afrikaners te "hervestig" in die Amerikas, Australië, Nieu-Seeland en Europa. Dan sou die Weste hier 'n meerderheidsregering kon instel wat normale betrekkinge met hom kon aanknoop!

Ander Westerse leiers het sulke belaglike planne verwerp en eerder kompromis-oplossings gesoek.

Toe die Amerikaanse visepresident Walter Mondale in Bonn opmerk dat die Weste al die moontlike moet doen om Pretoria te dwing om apartheid af te takel, het kanselier Helmut Schmidt hom verras met dié lakoniese reaksie: "Om wat in die plek van apartheid te stel?"

Egon Bahr, 'n sosiaal-demokraat en steeds die voorste Duitse kenner van buitelandse sake, het in Julie 1977 op Schmidt se vraag probeer antwoord met 'n beroep om 'n "model vir saambestaan met gelyke regte en spesiale beskerming vir minderhede". Dr. Frederik van Zyl Slabbert en sy mede-Dakargangers (onder wie die skrywer van hierdie artikel) het dié en ander sienings in Julie 1987 in Senegal met 'n ANC-groep, gelei deur Thabo Mbeki, bespreek. Baie jare later sou die onderhandelaars by Kempton Park tot die gevolgtrekking kom dat geen model volgens Egon Bahr se riglyne gevind kan word nie.

Teen hierdie agtergrond onthou ek die besprekings wat 'n paar van dr. Slabbert se vriende in die vroeë sewentigerjare in sy huis in Rondebosch gehad het oor die kwessie of 'n Afrikanervolkstaat, in die sin van 'n toevlugsoord, dié toegewing sou moes wees wat nie-Afrikaners in die Republiek (en in die buite-wêreld) sou moes maak om te verseker dat blanke Afrikaners apartheid prysgee.

Ons het almal geweet van die verhaal dat 'n ANC-afvaardiging in die laat veertigerjare 'n regverdige verdeling van die land met die D.F. Malan-regering wou bespreek. Soos te wagte, is die versoek geweier. Die Afrikaners het as nasie gans te sterk gevoel om selfs so 'n moontlikheid te oorweeg.

Later het Suid-Afrikaners en Duitsers wat deelgeneem het aan die besprekings in Slabbert se huis in verskeie lande artikels gepubliseer oor die onderwerp van 'n Afrikaner-volkstaat as 'n sleutel tot die oplossing van die Suid-Afrikaanse konflik. Hierdie artikels is in Suid-Afrika feitlik geïgnoreer. Een van die regse Suid-Afrikaanse kritici het sulke gedagtes verwerp as "apokalipties in sy uitgangspunt, naïef en utopies in sy gevolgtrekking".

Nog verstommender is die feit dat Otto Lambsdorff, voorsitter van die Duitse liberale party en president van Liberal International, in 1986 voorspraak gemaak het vir 'n Afrikaner-volkstaat en hierdie standpunt in April 1993 in Johannesburg herhaal het. Die reaksie was weer eens 'n amper totale gebrek aan belangstelling. By verskeie geleenthede het Lambsdorff gesê dat klinkklare versekering vir die voortbestaan van die Afrikaner die sleutel is tot die bevryding van die swart Suid-Afrikaners van die juk van apartheid.

En ook Chester A. Crocker, pres. Ronald Reagan se assistent-minister van buitelandse sake belas met Afrika, het in sy artikel *South Africa: Strategy for Change* in 1980/'81 genoem dat 'n onderhandelde gebiedskeiding 'n moontlike oplossing is vir Suid-Afrika se grootste politieke probleem. In sy talle gesprekke met Lambsdorff het Van Zyl Slabbert ook 'n "offerskeiding" van die land beskryf as moontlik die enigste manier om 'n katastrofe te vermy.

Vreemd genoeg het slegs liberale Afrikaners, DP's of ander "afvalliges" daardie buitelandse debatte ernstig opgeneem.

Al hierdie dinge het deur my gedagtes geflits terwyl ek laat in Oktober 1993 by Kempton Park na 'n toespraak van pres. F.W. de Klerk geluister het. 'n Mens kon nie help nie om te twyfel of hy regtig die vrese van die meeste blanke Suid-Afrikaners, veral Afrikaners, kan besweer. Hy het 'n baie eensame leier geword.



Hierdie foto van die Von der Ropp-familie op vlug uit Koningsbergen is deur 'n lid van die familie geneem. Lees die artikel hierby.

Wat maak dit so moeilik om sy siening van 'n nie-rassige demokratiese federale Republiek van Suid-Afrika te steun? Die Republiek het nie 'n demokratiese politieke kultuur nie. Massiewe werkloosheid en 'n politieke onverdraagsaamheid is die grondslag van Suid-Afrika se verskriklike misdaadsyfer. In hierdie omstandighede kan jy nie demokrasie deur onderhandeling optower nie.

Die veronderstelling dat enige nuwe regering in Pretoria met drakoniese veiligheidswette sal moet regeer om stabiliteit in 'n post-apartheid Suid-Afrika te verseker, is dus nie so vergesog nie. Maar sal hy kan? Sal hy die nodige veiligheidsgereedskap hê? M.a.w. sal die nuwe SAW en SAP lojaal wees aan 'n ANC/SAKP-alliansie wat in Pretoria regeer? Sal hulle bereid wees om weerstand van die Afrikaner-Volksfront te onderdruk?

Is daar dan 'n uitweg uit die dilemma? Of sal Afrikane, Afrikaners en Indiërs al die leed deel wat ons in Oos-Pruise deurgegaan het toe ons vroeg in 1945 hervestig en gedwing is – soos die foto toon – om weswaarts te vlug? Daar is steeds 'n moontlikheid om die skade te beperk. Maar net op voorwaarde dat die AVF, en indien moontlik, Inkatha, selfs nog na die verkiesing in April in die herskikkingsproses ingetrek kan word.

Teen hierdie agtergrond sal die ANC/SAKP-alliansie uiteindelik bereid moet wees – hoe vreemd dit ook al is aan sy eie politieke filosofie – om toe te gee aan die AVF (voeg hierby al die latente AVF-ondersteuners in die NP) se eis vir 'n nie-rassige(!) Afrikaner-volkstaat.

As so 'n Afrikanerstaat inderdaad tot stand kom, sal dit geleë moet wees in die gekombineerde Noordelike en Westelike Kaapse gebiede. En as 'n volkstaat enigsins sin maak, móét daar en sál daar 'n uitruiling van bevolkings van Afrikaners en nie-Afrikaners wees tussen die twee opvolg-republieke van die huidige Republiek van Suid-Afrika. Want die alternatief vir so 'n kompromis is 'n Suid-Afrikaanse Bosnië-Herzegowina, 'n alternatief te erg om te oorweeg. □

# Afrikaner-politiek in nuwe gewaad

**Die Nasionale Party staan weg van eng Afrikanerbelange om 'n party te probeer word wat uit alle groepe steun kan trek. Die Konserwatiewe Party probeer die vakuum vul wat deur die NP se onttrekking gelaat is, maar het nie veel erg aan die belange van die gekleurde helfte van die Afrikanerdom nie. Gaan dié twee faktore nie dalk aanleiding gee tot 'n dramatiese herskikking van die Afrikaner-politiek nie, vra PIET MULLER.**

WAT hét geword van Afrikaner-nasionalisme? Het die drif daarvan skielik uitgewoed net omdat 'n "Nuwe Suid-Afrika" om die draai is, of lê dit iewers onder die oppervlak, gereed om weer sy verskyning te maak en 'n stempel op die Suid-Afrikaanse politiek af te druk?

Afrikaner-nasionalisme het altyd 'n sterk "anti" inslag gehad – anti-Kompanjie (in die beginjare), veral anti-Brits en anti-"Donker Afrika". Maar daar was ook twee basiese drange wat soos goue drade deur die geskiedenis geloop het: Die reg tot selfregering en die gebruik van 'n eie taal.

Die mate waarin hierdie twee elemente bevredig – of gefrustreer – word deur die grondwetlike skikking waaroor Suid-Afrika in April stembus toe gaan, sal ongetwyfeld bepaal of Afrikaner-nasionalisme 'n mag ten goede of ten kwade sal wees in die nuwe bedeling.

"Uhuru" het 'n finale konfrontasie tussen swart nasionalisme en Afrikaner-nasionalisme in Suid-Afrika onvermydelik gemaak. Albei partye het besef dat so 'n konfrontasie geweldige gevolge vir die land sal hê, en dat dit selfs kan uitloop op 'n rasse-oorlog.

Swart sowel as blanke leiers het dus probeer om 'n konfrontasie te vermy. Een van die talle legendes wat daaroor vertel word, is die een waarna Klaus von der Ropp in die artikel hiernaas verwys, nl. dat 'n swart leier eenmaal aan die regering voorgestel het dat die land radikaal tussen swart en wit verdeel moet word. Maar dat die voorstel van die hand gewys is.

Die oplossing wat dr. Hendrik Verwoerd voorgestel het, kom nogal merkwaardig ooreen met dié van wyle prof. R.F.A. Hoernlé, die vader van liberalisme in Suid-Afrika. Albei wou die land verdeel tussen Suid-Afrika se baie groepe, maar nie een het rekening gehou met die enorme suigkrag van die ekonomie nie.

In dr. Verwoerd en mnr. B.J. Vorster se tyd het Afrikanerdinkskrums, soos die Broederbond, hulle besig gehou met die moontlikheid om 'n soort laaste vesting vir die Afrikaner langs die Oranjerivier te skep op landbougrond wat beskikbaar gestel sou word deur 'n reeks damme in die rivier te bou. Maar veel geesdrif was daar uiteindelik nie vir hierdie plan nie en al die damme is toe nooit gebou nie.

'n Ander moontlikheid waarin baie dinkwerk gesit is, was 'n soort kantonstelsel vir Suid-Afrika. Dit het die voordeel gehad dat dit rekening hou met die ingewikkelde ekonomiese verweefdheid van die land. Maar ook hiervoor het die nodige energie ontbreek, deels omdat die bewinde van mnr. Vorster sowel as sy opvolger, mnr. P.W. Botha, geteister is deur 'n vinnig verslegtende veiligheidstoestand. Want teen daardie tyd was die ANC al so ongeduldig dat sy vreedsame protes vervang is deur gewapende verset.

Afrikaner-nasionalisme het ook twee vertakkinge gehad: 'n rasse-nasionalisme, wat mense op grond van hul velkleur verwerp het, al het hulle ook die Afrikaanse taal en kultuur aangehang; en 'n inklusiewe nasionalisme, soos wat die digter N.P. van Wyk Louw bepleit het, wat almal wat by Afrikaans hoort rondom dié gemeenskaplike faktor wou versamel.

Die laaste stroming het uiteindelik die politieke stryd gewen, en 'n begin gemaak met die lang proses van die vereniging van alle Afrikaners. Hierin het die driekamer-parlement, ondanks al sy gebreke, 'n groot rol gespeel.

Hierdie proses staan nog maar aan die begin. Dit sal 'n geslag of twee verg – en baie sorgsame optrede deur Afrikaner-leiers – voordat die kloof wat apartheid tussen Afrikaanssprekendes geslaan het, oorbrug kan word.

Maar as dit nie gebeur nie, sal die toekoms van Afrikaans én die Afrikaner self in groot gevaar wees.

Die NP het hom reeds vir toekomspolitiek begin herskik. Pleks van 'n nasionalistiese party, wat die belange van hoofsaaklik een groep verteenwoordig, wil hy voortaan 'n party van die middelgrond wees. Hy het van die eng belange van sy tradisionele ondersteuners, wit Afrikaners, begin wegstaan, sodat hy steun uit alle oorde kan trek. Klaarblyklik het die NP besluit dat daar, ten minste op die kort termyn, nie veel van 'n politieke toekoms meer in Afrikaner-nasionalisme is nie. Net die verkiesing sal uitspraak kan lewer oor die wysheid van dié besluit.

Die Konserwatiewe Party probeer nou hard om die nasionalistiese "vakuum" te vul, maar dit is net so duidelik dat die bymekaarbring van alle Afrikaners, ongeag kleur nie vanuit hierdie oord kan geskied nie.

Daar is dus nie meer een bepaalde politieke party wat vorentoe die kampvegter kan wees vir 'n breë en inklusiewe Afrikaner-belang nie.

Die vraag is of dit dalk in die toekoms aanleiding gaan gee tot 'n dramatiese politieke herskikking. En of die manier waarop 'n oorwegend swart regering gaan regeer, dalk gouer as wat verwag word 'n antwoord op dié vraag gaan afdwing. □

**VOETNOOT:** Die volgende vergelyking het blykbaar sy ontstaan te danke aan die onderhandelinge by Kempton Park (lesers moet maar self raai deur watter twee deelnemers dit geïnspireer is):
Wat is die vroulike vorm van 'n rammetjie-uitnek?
'n Parratjie-oopbek!